Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 7

28 Februarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

AANSOEK OM TOELATING 2026: GRADE R – 7
Ons is baie opgewonde na ons twee opedae. Die opkoms was goed en ons sien uit na almal wat gaan aansoek doen.

Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2026 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

NUWE NAAMBALKIES
Leerlinge wat nuwe naambalkies gaan aankoop in die toekoms, gaan die nuutste aangepastes kry. Daar gaan nou 'n rooi en 'n blou balkie te koop wees. Die kleur wat u kind kry sal volgens die kleurspan wees waarby u kind ingedeel is vir atletiek.

TOETSREEKS
Ons graad 4 tot 7-leerlinge is besig met die toetsreeks. Maak seker dat hulle voorbereid is en genoeg slaap inkry. Sterkte aan elke leerling wat hard leer om hul beste te lewer.

BRAAIDROMME
Ons is opsoek na braaidromme vir die skool. Indien daar ouers is wat kan skenk of 'n kontakpersoon het, kan u die kantoor kontak of e-pos na admin@lnpark.co.za stuur.

AFLAAI VAN LEERLINGE SOGGENS

Ons ontvang gereeld klagtes oor die aflaai van leerlinge soggens. Ons wil graag twee voorstelle maak. Eerstens wil ons u aanmoedig om u kind by Hudsonstraat se hek af te laai, want die verkeer daar is baie minder as in Willetstraat waar daar ook speelskole is. Tweedens wil ons alle ouers versoek om die parkeerarea van 07:00 tot 08:00 voor die hoofingang as 'n aflaai-en rysone in engels (drop and go) te hanteer. Indien u wil parkeer omdat u iemand van 07:00 tot 08:00 in die adminblok van die skool moet sien, versoek ons u om in Vierdelaan langs die skool vir die tydperk te parkeer. As ons almal saamwerk sal die aflaai van leerlinge soggens gladder verloop. Baie dankie vir u samewerking.

KLEREWINKELTYE

Maandae 07:30 – 12:00
Woensdae 12:00 – 14:30
Vrydae 07:30 – 12:00

SKOOLDRAG

Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode-dokument onder die "beleidsdokumente" op ons google drive-inligtingsplatvorm. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SNOEPIE : KARRI-TOEP

Hiermee 'n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:
Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs 'n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLGELDE 2025

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite nie deel van die skool se vrywillige program is nie.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R tot 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2025 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 3 Maart	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **NETHEIDSINSPEKSIE** **TOETS :** EBW graad 7
Di – 4 Maart	:	**TOETS :** Wiskunde graad 4 tot 7 ***Jaco Jacobs besoek om 11:30 graad 1 tot 7*** Krieket: 0/9A+B teen Sunridgepark **(w)** Finansiële komiteevergadering om **17:00**
Wo – 5 Maart	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30** **TOETS :** Geskiedenis graad 4 en 6 **TOETS :** Aardrykskunde graad 5 en 7

Do – 6 Maart	:	**TOETS :** Engels graad 4 en 6 **TOETS :** Afrikaans graad 5 en 7 World Dentist Day: Dr. Aretha Barnard besoek grondslagfase om 11:00 ***Boekdag: Sivvies (skenk leesboek)***
Vr – 7 Maart	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **TOETS :** NW + Teg graad 4 tot 7 Despatchfees : 0/13 rugby en netbal
Sa – 8 Maart	:	Despatchfees : 0/13 rugby en netbal

SPORT EN KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
24 Februarie	0/13A	Frans Conradie	Tweede dag: Dag 2: LNP kolf tweede en moet 216 behaal voor 17:00 of 35 beurte om te wen. Frans Conradie moet al LNP se kolwers uitkry om te wen. LNP slaan n totaal van 150 vir 6 paaltjies. LNP kon nie die totaal behaal nie en Frans Conradie kon nie al die paaltjies in die gegewe tydperk uitkry nie. Wedstryd eindig gelykop. **Beste kolwer:** Benn de Wit met 65 lopies nie uit nie
24 Februarie	0/13B	Kroneberg A	LNP kolf eerste en teken 80 lopies in 15 boulbeurte aan. Verloor 5 paaltjies. Kroneberg kolf tweede en klop die lopies in 14.2 boulbeurte, (net-net) en neem 4 paaltjies. LNP verloor met 6 paaltjies. **Beste kolwer**: Ryan Minnie **Beste bouler**: Aiden Doubel

SKAAK

Die volgende leerlinge het aan die “Valentines Chess tournament” op 22 Februarie deelgeneem.

- Lihan Campher - goud
- Evan Louwrens - trofee vir die beste graad 4 speler
- Abigail Kitching
- Soné Senekal

Baie geluk, julle!

JUDO

Mieke van Rensburg in graad 2A het op 15 Februarie aan die interskole judotoernooi deelgeneem en ‘n goue medalje verower. Baie geluk Mieke!

ATLETIEK

Inge en Iané Jukel het Saterdag, 22 Februarie aan die PE Metro-atletiekbyeenkoms deelgeneem. Inge behaal 'n 3de plek in 150mH en Iané 'n 2de plek in die 1200m. Iané het Sondag aan die Oos-Kaap-tweekamp-kampioenskappe deelgeneem en 'n 3de plek behaal. Beide Inge en Iané is in die Oos-Kaapspan ingesluit wat op 21 en 22 Maart aan die nasionale kampioenskappe in Oudsthoorn deelneem. Baie geluk, julle!

#NEWTONS VIER BOEKEDAG

Datum: 6 Maart 2025

Skenk 'n leesboek vir jou klas in ruil vir SIVVIES!

Die boek wat geskenk word, moet op die vlak van jou graad wees sodat jou klasmaats dit ook kan lees.

Ontmoet die bekende skrywer

Datum: 4 Maart 2025

Plek: Skoolsaal

Tyd: 11:30

Wie: Graad 1-7